DEEL 114 | WEEK 8 | 25 FEBRUARIE 2022 | R5

HEILBRON HERALD
IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# WE WANT THE MAYOR!




On 23 February 2022, members of the Phiritona community marched through the streets of Heilbron on their way to the municipality to hand in a memorandum addressing issues they want to be attended by the Executive Mayor of Ngwathe local municipality.

Some of the grievances include that all roads must be fixed as soon as possible, 40% deduction of electricity rates and providing essential water for all residents. They further demanded that all wards allow the community to elect their own ward committees; councillors must concentrate on service delivery and stop hiring people for projects.

They also ask for bursaries for poor children, of which the process must be transparent, and many other demands. Everyone can agree that the above are all valid requests. They, therefore, request the Executive Mayor, Ms Victoria de Beer, to physically come and address the grievances on 15/03/2022.









# S44 STEEDS GESLUIT

Vrydagaand kort voor middernag het 'n BMW met drie insittendes 'n gewisse dood vrygespring nadat die bestuurder beheer oor die voertuig verloor het op die erg beskadigde S44-pad. Een van die insittendes is met ligte besering na 'n nabygeleë hospitaal vervoer. Die pad is sedert 5 Februarie gesluit nadat gedeeltes van die teervlak na hewige reën weggespoel het. Die verwoeste brug is ongeveer 24km vanaf Heilbron in die rigting van Deneysville en is daar verskeie boere en ander motoriste wat noodgedwonge van die pad gebruik moet maak. Die waarskuwingsborde word gereeld deur die padgebruikers geskuif en moet motoriste veral oplet na die slaggate by die Oranjeville afdraai.

Die S44 is maar een van die baie roetes wat na hierdie reënseisoen onbruikbaar gelaat is. Francois Wilken van Vrystaat Landbou sê: "Op hierdie stadium is daar 'n werklike moontlikheid dat die Vrystaatse plaaslike en provinsiale padnetwerk binne die volgende paar jaar ineen kan stort. Dit sal miljoene mense van basiese en kritieke dienste afsny." Die volgende Vrystaatse paaie, om net 'n paar van te noem, loop die gevaar van totale verval.

- Die R30 wat 'n hoofroete is wat Welkom met Bothaville, Klerksdorp en Orkney verbind.

Die departement het nie genoeg aanwysingsborde gehad om ongelukke op 'n oorstroomde stuk te voorkom en om verkeer na 'n gruisverbypad wat behoorlik onderhou is, te herlei nie.

- Die Clarens (R711) & Ficksburg (R26) paaie is hoofroetes na groot toerisme- en landbou-bestemmings en vir internasionale handel met Lesotho.

Die Ficksburg-Fouriesburg-pad (R26) word as die slegste pad in die provinsie gedoop. Die R34 tussen Memel en Bothaspas is nie ver agter nie – kontrakteurs het opgebou werk omdat hulle nie betaal word nie

- R34, R59 & R505 - Wesselsbron, Makwassie en Hoopstad paaie is krities vir lewering van stapelvoedsel aan silo's en verwerkingsaanlegte om ons nasie te voed. Die R709 tussen Hobhouse en Winburg is ook 'n kritieke landbouroete en roete vanaf die Oos-Kaap en Lesotho vir mynwerkers na die Vrystaat Goudvelde toe.



# GOP VERGADERING

## *Inwoners identifiseer projekte*

Tydens 'n suksesvolle vergadering Woensdagmiddag het inwoners van Heilbron 'n aantal projekte geïdentifiseer wat aan die nuwe Ngwathe raad gerig sal word om op te neem in sy vyfjaar Geïntegreerde Ontwikkelingsplan.

Eerste prioriteit is die opgradering van die totale water-netwerk, wat insluit die vervanging (in geheel indien nodig) van die hoofwaterleiding vanaf die Phiritona reservoir na die plotte reservoirs, die seël van lekkende reservoirs, die aanbring van stopkrane/drukkleppe/brandkrane op strategiese plekke in die netwerk en die installering van bystandpompe.

Tweede prioriteit is die algemene opgradering van die elektrisiteitsnetwerk, wat insluit die vervanging van geleiers veral, maar nie uitsluitlik in die sakegebied nie, die verbetering van sekuriteit by substasies, die opgradering van die kraglyn na die Highlands plotte en die beskikbaarheid van bystandtransformators vir noodgevalle.

Hierna volg die herbou/herseël van strate met Pierce-, Stoffel Nel- en Fronemanstrate as eerste prioriteit asook die oorgang by die spoorlyn in Kerkstraat.

Dan volg die opgradering van die rioolnetwerk, met veral klem op ontoereikende hoofgeleidings waarin gereelde blokkasies voorkom. Verder is voorgestel dat 'n behoorlike stortingsterrein met die nodige toerusting om dit te bedryf tot stand gebring word en laastens dat Heilbron 'n diensbare brandweervoertuig bekom.

Vryheidsfront Plus raadslid Phillip van der Merwe sal die voorstelle nou deurgee aan die Speaker met die versoek dat dit oorweeg word wanneer die GOP opgestel word.

# SO STAAN COVID NOU




Die jongste inligting deurgegee van Fezile Dabi Distrik-gesondheidsdienste dateer tot op 24 Februarie 2022 en dui aan Ngwathe het 6320 bevestigde Covid-19 gevalle waarvan Heilbron nou op 1463 staan en is daar 4 positiewe gevalle bygevoeg vir die dorp sedert 17 Februarie 2022. Verder staan onliggende dorpe se getalle as volg: Frankfort – 1822 (laas week 1814) , Kroonstad – 7497 (7476), Sasolburg – 10 045 (9994). In die laaste week is daar 129 Covid-19 gevalle in die hele Fezile Dabi Distrik bygevoeg.

Almal bo die ouderdom van 12 jaar kan die Covid-19-inenting kry. "Booster Shots" is ook nou beskikbaar vir diegene bo die ouderdom van 18 jaar. J&J word toegedien +60 dae na die eerste dosis en Pfizer +180 dae na die tweede dosis.

Vir mense van Heilbron is die Tokollo-hospitaal gedurende die week oop van 08: 00-16:00.

Die digitale inenting-sertifikaat vir Covid-19 kan slegs verkry word deur diegene wat volledig ingeënt is.

Gaan na https://vaccine.certificate.health.gov.za/ om vandag joune af te laai.

# You can do something to help prevent cardiovascular diseases

## *Begin Today*

***• Heilbron Clinic***

Diseases of the heart and blood vessels were responsible for approximately 51% of total deaths in South Africa during 1974. The victims of cardiovascular disease are not only the sick and the elderly but also men and women in the prime of life. Indeed not even children escape.

Is there anything we can do to prevent this state of affairs? Various factors are known to contribute to the occurrence of these diseases. Some of them are beyond our control, e.g. heredity, but it is, fortunately, within the power of each one of us to exercise control over several of the most important contributory factors - risk factors - if only we wish to.



**What are these risk factors?**

**High Blood Pressure**

High blood pressure is dangerous because it overtaxes the heart. Regular treatment is therefore essential.

**Tension**

Tension is associated with the development of cardiovascular diseases and sudden death. Make provision for daily relaxation.






**Cigarette Smoking**

Among heavy cigarette smokers the death rate from cardiovascular diseases is five times higher than among non-smokers. Throw your cigarettes away, or make a drastic change in your smoking habits.

**Lack of Exercise**

Exercise promotes health, inactivity contributes to cardiovascular problems.



**Overweight**

Among overweight persons the death rate from cardiovascular diseases is 1.5 times higher than among people who are of ideal body weight. Keep your weight normal, reduce if necessary.



**Raised Blood Fat Levels**

Raised blood fat levels are dangerous. Regular exercise and correct diet are among the measures that can help to keep levels down.



| JAARPROGRAM : 2022<br>RIEMLAND JAGTERSVERENIGING | | |
|---|---|---|
| 5 MAART | SKIETOEFENING | 09:00 |
| 12 MAART | .22 EN JAGGEWEER EN HANDWAPEN SPORTSKIET | 10:00 |
| 09 APRIL | RIEMLAND OPE PRYSSKIET / SPANSKIET | 09:00 |
| 23 APRIL | INTERTAK SPORTSKIET : BLOEMFONTEIN | |
| 7 MEI | UK VERGADERING BLOEMFONTEIN | |
| 21 MEI | CHASA KWALIFISERING / VERBETERING | 09:00 |
| 4 JUNIE | .22 EN JAGGEWEER HANDWAPEN SPORTSKIET | 10.00 |
| 09 JULIE | LANGAFSTANDSKIET | 09:00 |
| 13 AUGUSTUS | .22 EN JAGGEWEER HANDWAPENSPORTSKIET | 10:00 |
| 20 AUGUSTUS | UK VERGADERING BLOEMFONTEIN | |
| 03 SEPTEMBER | JEUGSKIETDAG | 09:00 |
| 08 OKTOBER | GROEPERING SKIET / TROFEE MEET | 09:00 |
| 15 OKTOBER | ALGEMENE JAARVERGADERING BLOEMFONTEIN | |
| 04 NOVEMBER | JAARVERGADERING : RIEMLAND TAK | 18:30 |
| 21 NOVEMBER | "D-DAG" INDIEN VAN TOEGEWYDE JAGTERS STATUS | |
| 31 DESEMBER | LEDEGELDE VIR 2023 MOET NOU BETAAL WORD | |

# VOORTDURENDE GOMKOP-KOPSEER

Daar word 'n beroep op Heilbronners gedoen aangaande die frustrasie met dwelmverslaafdes wat die sakegebied herhaaldelik skade doen. Danie Knoetze het voorlopig 'n vergadering met die Streekkommissaris vir die eerste week in Maart gereël om hierdie kopseer te bespreek. Die volgende inligting rakende gevalle kan per epos aan hom gestuur word na dvworxsa@gmail.com.

- Dag en tyd van voorval.
- Tyd aan SAPD deurgegee.
- Uitkoms na SAPD op toneel was.
- MAS nommer.
- Het SAPD uitgekom.
- Is SAPD gekontak.
- Het SAPD verskonings gehad indien hulle nie kon uitkom nie.

In tussen vra besigheidseienaars hulle kliënte om alle kontak met bedelaars, straatverkopers en gomkop-dronkies te vermy. Albert du Plooy van OK Grocer sê: "Ek wil so ver gaan en kliënte vra om niks by niemand in die parkeerterrein te koop nie en geen geld of tips uit te gee nie, selfs al het die persoon OK of Total drag aan." Hy vertel dat veral die bottelstoor geteiken word en hy al baie skade gelei het, maar SAPD trek net skouers op. "Die persoon kan nie met 'n masker aan op die kameras geïdentifiseer word nie."

Inwoners moet saam werk deur hierdie mense nie die aandag wat hulle wil hê te gee nie en sal hulle dalk iewers anders gaan nes skrop. Heilbron Herald het laas week berig van die gevalle wat by OJ's Meat Market aangemeld is en is daar gereeld iemand vir 'n R2 in KFC se deurrylaan. Dit is ook al gerapporteer dat huiseienaars in die omgewing van President- en Kortestraat geteiken word. Die meeste van Kerkstraat is vol van die wandelaars wat openlik dwelms gebruik en gom snuif, maar die Polisie kyk net anderkant toe. Die moedeloosheid duur voort.

Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak *Silma Petzer.*
Tel: 058 852 3033




# BRIEWE VAN ONS LESERS

*Die volgende skrywe is ontvang van David Grobler van Heilbron gerig aan die redakteur:*

**IN SAKE: HH, BL 1, 18-02-2022 "GOMKOPPE" - DEEL VAN DIE OPLOSSING OF DEEL VAN DIE PROBLEEM?**

Dankie vir die weekstukkie.

Dood en lewe is in die mag van die tong... (Spreuke 18:20).

Gomkop Jannie is dalk iemand se seun. En die prostituut Sannie daar by Total by die trokke is dalk iemand se dogter. Dalk is daar woorde wat dalk meer simpatiek die probleem kan aanspreek.

Oom Dries (die polisieman) skets ook nie die hele prentjie van die dag se gebeure nie. Verder weet hy self dat daar nie 'n wet is teen armoede nie, daar nie 'n wet is vir honger nie, en daar nie 'n wet is om nie 'n huis te hê nie.

Daar in Raubenheimerstraat het iemand 'n paar kinders aangeneem. Jare later besluit hulle dat die kinders 'n finansiële las is en dat die geld veel beter gespandeer kan word op 'n nuwe Fortuner. So gee hul die kinders toe 6 maande se voorsiening en sit hulle uit.

Ten tye van die Slag van Vegkop was daar niemand hier nie. Ek dink hul het twee klip igloe's gevind op die koppie. Die Sotho's wat hier is, is aangeneem deur Clover en die Boere.

**Nou het ons:**

- Die de-industrualisasie van Suid-Afrika
- Meganisering en gepaardgaande werksverlies
- Oop grens beleid vir immigrante
- Vrye mark beleid waar almal hul gesubsidieerde produkte in SA te koop kan aanbied teen weggeepryse
- Skole wat weier om basiese landbouopleiding te gee
- "Kindersalaris" (kindertoelaag) wat mense lei om meer kinders te kry
- Geen sopkombuise vir die haweloses nie
- 'n Vlaag van dwelmhandelaars wat elke nag dink aan maniere om so veel as moontlik mense verslaaf te kry
- Te min rehabilitasiesentrums
- 'n Polisie mag wat te min lede het.
- Colonial Dream World wetgewing wat nie met die bostaande kan handel nie.

Alhoewel oom Dries nou genoeg gehad het - is dit wensdenkery dat die voorbladartikel die probleem laat verdwyn het. Het die artikel die probleem vererger of verbeter?

Die vraag is hoe Heilbron as 'n gemeenskap daarmee gaan handel.

Vir 'n lang ruk het die vrees bestaan dat Marie Antoinette gaan kop verloor.

Sy was nie in voeling met die hongerpyne wat die Franse volk beleef het nie.

Dalk wil die joernalis 'n dag saam met die polisie spandeer om te sien hoe dit is om die 742 plase en ± 60 000 inwoners te "protect and secure".

Om dinge in perspektief te stel. Net oor Nuwejaar het Welkom 21 moorde gehad. Heilbron vir die jaar? Relatief gesproke is Heilbron seker van die veiligste plekke in Suid-Afrika.

*But wait - there's more.*

Spreuke 18:21 ... en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet.

As jy almal beskuldig van slegte diens - dalk gaan jy slegte diens kry. As jy almal bedank vir goeie diens - dalk gaan jy goeie diens kry.

Ek staan agter Oom Dries in die bank. Vandat ons instap kla hy oor die bank se slegte diens. Toe hy voor kom het hy sy ID vergeet. So moes hy gaan en weer terugkom. Maar almal anders in die ry het die bank bedank vir die goeie diens.

Laaste gedagte: By die polisiestasie word verder hulp verleen deur 11 vrywillige reserviste. As Oom Dries dan die diens wil beter maak - hoekom meld hy nie aan as 'n reservis nie. Vir 'n bekwame man soos oom Dries sou die insidentjie kinderspeletjies gewees het.

Ander winkels het toegangsbeheer, deurwagte en "right of admission reserved" bordjies. Plus hul gee vir die haweloses kos as hul daarvoor vra.

Heel laaste gedagte: "Any private person may arrest, without a warrant, any person who commits or attempts to commit, or whom he reasonably believes has committed an offence named under Schedule 1 of Section 42 of ACT 51 of 1977"

Section 50 (Procedure After Arrest)

1. Any person arrested without a warrant shall, as soon as possible, be brought to a police station.

2. It is the responsibility of the person who made the arrest to ensure that the arrested person is taken to the police station."

Maar oom Dries (die polisieman) weet al die dinge.

Tot wederlees

Groete

# BODY OF UNIDENTIFIED MAN FOUND IN VAAL RIVER

Media Statement South African Police Service

An inquest docket is under investigation after a body of man was found in the Vaal River near Stone Heaven on Vaal.

It is alleged that on Wednesday, 09 February 2022 at about 10:30, a member from Sasolburg K9 was busy exercising his dog by the river when he noticed a body floating in the river and alerted the police divers.

The deceased was wearing brown pants and a brown shirt. He has the following tattoos on his body, Victor Molefe Tshokoe, RAF 4 and He'll woke 6 45.

Anyone who may know a person who matches this description may contact D/ Constable George Maartens on 079 544 2431 or Crime Stop on 08600 10111. Tip-offs can also be submitted via the My SAPS App.

# BRONNIES PRESTEER TYDENS FEZILE DABI BYEENKOMS



*Woensdag en Donderdag, 16-17 Februarie 2022, het Hoërskool Heilbron se sekondêre atlete aan die Fezile Dabi byeenkoms te Sasolburg deelgeneem. Hoërskool Heilbron spog met 'n totaal van ses gou medaljes en 17 atlete wat deurdring na die Vrystaat byeenkoms, 4-5 Maart 2022 te Bloemfontein.*
*Op die foto agter vl: JC Potgieter, Dihan Janse Van Rensburg, Carlie Rochat, Chaela Grobler, Anika Allen, Leandri Bennink, Bea-may Nel, Wessel Steyn en Siphelele Dlamini.*
*Tweede ry: Melissa Kruger, Mieke van Wyk, Madeleen de Beer, Cariska Janse van Rensburg.*
*Voor: Anhke Pepler, Brittney Steyn, Estené Janse van Rensburg.*

# HET JY GEWEET?

Vaaldam het sy eie kasteel - Nogal gebou deur 'n Lord.
Vanaf Facebook geplaas op *Monumente, Gedenktekens en Interessanthede Suid-Afrika* se blad deur Kobie Ströh.

Deneysville is 'n klein oorddorpie aan die walle van die Vaaldam. Gestig in 1930 op die plase Wilhelmina en Witpoort. Die dorp is vernoem na Deneys Reitz, Minister van Lande ten tyde van die bou van die Vaaldam.

**KASTEEL**
Die kasteel is gebou in 1963 op 'n 2.5 hektaar plot wat grens aan die Vaaldam. Lord Alfred Summer was so beïndruk met die rustigheid en kalmte van Deneysville en die uitgestrekte Vaaldam daarnaas dat hy hier 'n kasteel laat bou het. 'n Kasteel ter wille van nostalgie as hy dink aan sy land van herkoms, Engeland, en die pragtige kastele daar soos bv die Windsor Castle. Hy noem die kasteel Castle Marina en vestig 'n unieke restaurant wat sowat 400 gaste binne en buite kon hanteer. Op die dak is 'n gesellige biertuin wat oor die Vaaldam uitkyk. Hierdie restaurant was gou 'n gewilde bymekaarkomplek vir mense en etes was uit die boonste rakke. 16mm Filmvertonings lok ook besoekers van heinde en verre. Die kasteel het ook 'n uitsonderlike versameling Middeleeuse wapens en skilde gehuisves, die Alfred Summer's Collection. Groot onthale en funksies word in die kasteel gehou en 'n kapel word gebou om troues ook te akkommodeer.

**BRAND**
Ongelukkig word die kasteel opsetlik aan die brand gesteek in 1985 en die hitte veroorsaak groot skade. Vermoedelik is die brand gestig deur 'n moeilike kliënt wat die vorige dag uit die kasteel verwyder is as gevolg van wangedrag. Dit kon ongelukkig ook nooit bewys word nie. Die kasteel verval in onbruik en word verlate en geplunder. Gerugte van spoke ontstaan. Vroeg in 2000 word pogings onsuksesvol aangewend om die kasteel te restoureer. Daarna word die kasteel weer verlate. In 2013 sterf die eienaar van die kasteel en vir 'n paar jaar is die gebou nog steeds verlate; 2019 word die kasteel en omringende oewererwe per veiling verkoop en begin ontwikkeling. Tans is die gebou omhein en die terrein is versorg. Vermoedelik sal die kasteel nou weer herstel en bewaar word as 'n bekende landmerk in Deneysville.

*Bronne:*
*Deneysville News 2001 Sunday Times*
*Fotos: Facebook Gys Ströh Snr 2021*






GiG Technologies
Kerk str. 44 Heilbron
Tel: 087 527 0838
Cell: 072 840 4495
info@gigtechnologies.co.za

- Internet Service Provider
- CCTV & Alarm Installations
- Computer Sales & Support

Technology without the headache!

# *Uit die pen:*



## WEEK 8 VAN 2022

Verlede week het ek van die laaste koshuis vertel.

Ons het daagliks by die koshuis geëet, nie net wanneer jy aan diens was nie, maar ook om jou kollega te ondersteun, want soms het ons die morele onderskraging van ander nodig gehad.

Daar was twee tannies wat kos gemaak het: kom ons noem hulle Tannie A en Tannie B. Tannie A het al die kos bymekaar geneuk, geklits en sout oor gegooi. Tannie B het kos met liefde voorberei.

Tannie A het 'n bos onversorgde, gelerige hare gehad, gebreekte naels en skurwe hakke. Wanneer sy jou 'n storie vertel het, het sy haar kop so geskud-skud dat haar hare soos donsvere op haar kop rondgespring het.

Sy het vertel van haar nuttelose man en twee talentvolle, mooi, intelligente kinders. Sy het my vertel dat sy al baie keer haar man wou uitskop, maar hy sou dalk net op haar stoeptrappie gelê en kerm het totdat sy hom weer terugneem. Ek het haar man geken. Eienaardig, maar ek sou hom nie as "nutteloos" beskryf nie. Oor haar kinders? Wel, elke ouer dink mos sy of haar kinders is talentvol, mooi en intelligent. Daarmee sal ek volstaan.

Tannie A kon 'n stuk steak moeiteloos opfoeter. Sy het elke steak gekook totdat dit so taai was soos 'n perdesaal. Op my vraag oor hoekom steaks gekook moet word, het sy beweer dat dit een van die resepte is wat die Departement van Onderwys voorgeskryf het. Wat natuurlik glad nie so was nie.

Tannie A het met elke liewe ontbyt eiers voorgesit. Een dag as rubberige gebakte eiers, die volgende dag as rubberagtige, smaaklose roereiers (al swemmende in water) en dan as potblou gekookte eiers. Ons het later agtergekom dat sy 'n vinger in die eier-pie gehad het, daarom moes ons so baie eiers eet. Sy het die leweransier geken.

Ek weet dat eiers baie gesond is, maar net ter verduideliking: Probeer nou in die winter in 'n studiesaal sit saam met klomp seunslywe wat eiers geëet het. Gepraat van 'n kernbom ontploffing, veral as hulle die dag sousbone saam met die gekookte eiers gehad het.

Dan was daar emmers vol melk wat die koshuis by tannie A aangekoop het. Sulke flou melk. My pa het dit "blou" melk genoem, want wanneer jy dit in jou koffie gooi, kry dit so blouerige skynsel. Ons het later uitgevind dat sy dit met water verdun het.

Daar was sulke dik, vaal drinkglase op die personeel se tafel. Een mooi dag het een van ons kollegas haar laaste geld vir die maand gevat om dunner en mooier glase vir die personeeltafel aan te koop. Tannie A het glad nie van haar inisiatief gehou nie en het aanmekaar geskimp oor diegene wat nie tevrede is met die koshuis en koshuistoerusting nie. Kollega het net geglimlag en verder aan die blou eiers gewurg.

Ons het geleef om tannie B se kos te eet. Agterna het ons lank by die tafel bly sit om met tannie B te gesels. Sy was amper soos 'n ouma, en almal het haar "tannie" genoem. Sy sou dieselfde gereg elke keer op 'n ander manier voorsit en het dit met baie omgee opgeskep. Sy was altyd bang dat iets nie na ons smaak was nie.

Tannie B se man was 'n dierbare oom wat elke jong juffroutjie 'n drukkie wou gee. Dit het die meeste van ons nie gepla nie, want hy was nie 'n "creepy" ou oom nie.

Tannie A was lief vir skinder. Sy het eendag vertel dat sy my en 'n manlike kollega in 'n uhm, kom ons noem dit 'n "bedenklike situasie" aangetref het. Sy was, sover my kennis strek, nog nooit in my woonstel wanneer ek daar was nie. Sy het egter elke inwoner se woonstelsleutel aangevra vir ingeval iets oor 'n vakansie gebeur en sy in ons woonstelle moet kom. Om watter rede, wonder ek nou nog. Nie een van ons het ons sleutels vir haar gegee nie. Ieder geval, sy het die skinderstorie oor my en die manlike kollega met groot smaak oorvertel en bygevoeg dat ek haar gesmeek het om dit stil te hou. Interessant dat ek en die manlike kollega net platoniese vriende gebly het. Nog interessanter dat niemand haar geglo het nie.

Aan die einde van die kwartaal moes ons deeglik inspeksie hou om te kyk of die koshuiskinders al die kaste ontruim het. Na so 'n inspeksie sessie meld my kollega aan dat alles skoon, netjies en die kaste leeg is. Pousetyd kom tannie A skool toe, hoogs boos. Haar donsvere staan soos 'n stralekrans om kop. Sy storm by Die Skoolhoof se Kantoor in.

Weet hy hoe laks is sy personeel? Nee, hoekom se sy so? Want hulle kyk nie eers of al die kinders se kaste leeg is nie! Haar donsvere word meer en meer reguit.

Nou maar hoe so? Want sy wat tannie A is, het ook agterna deur die kinders se kaste gegaan en agtergekom dat daar omtrent 100 koppies en pierings in een kind se kas was. Kan jy dit glo? "Nee," sê Die Skoolhoof, "ek het nie eers geweet ons het soveel koppies en pierings nie."

Tannie A was taamlik afgehaal. Haar donsveerhare het seker teen hierdie tyd al kiertsregop gestaan.

Tannie A en tannie B het uiteindelik afgetree. Tannie A se "nuttelose" man is dood en sy en haar talentvolle, mooi en intelligente kinders woon saam op 'n plaas. Tannie B se man is ook dood. Ek het onlangs vir tannie B weer gesien: steeds die tannie wat kos met liefde voorberei.

POSTNET HEILBRON
**BESIGHEIDSURE: Maandae - Vrydae:** 08:00 -16:30
**Saterdae:** 09:00 -12:00
***Elsstraat 42 • HEILBRON • Tel: 058 853 0006***

HERALD Sport

# GESTEKERY NOU OP 'N EINDE

Gholfers kan nou rustig wees, die muskiete gaan hulle nie meer steek nie. Deur die welwillendheid van Johnny Claassen Bemarking en Orsmond Aviation is daar nou 'n einde aan die plaag gemaak. Stefan van Loggerenberg was die man agter die spuitvliegtuig se stang en Eben Claasen het die doepa gemaak om die muskietplaag hok te slaan. Die lede is die manne ewig dankbaar vir die borg en kan hulle nou weer sorgloos speel.

Volgende naweek is dit Klubkampioenskappe en gaan dit weer soos gebruiklik oor 36 putjies beslis word; seniors en dames speel net 18 putjies. Die lede word ook herinner daaraan dat ledegelde betaal moet wees om te kan speel of andersins moet 'n reëling met die tesourier getref word.

Die ligaspan het 'n bloedneus op Kestell gekry, maar is die verskil in houe wat afgestaan word steeds die jarelange probleem. Heilbron se voorgee word met 4 houe gesny op die baan wat dit bitter moeilik maak om te kompeteer.

John Watson het plaaslik die kompetisie gewen met 38 punte, Julyan Bruyns was tweede met 36 en Jackie Leonard derde met 34. Die Joker Draw se geldpot is tans oor die R40 000. Trekking word Vrydag aand om 19:00 gedoen.

Môre is gewone spel vanaf 11:00.



*Op die foto vl: Stefan van Loggerenberg en Eben Claasen.*

# WILGE HENGELKLUB NUUS

Wilge Hengelklub het Saterdag 19 Februarie 'n klubkompetisie gehou te Tago. Daar was 17 hengelaars wat kom deelneem het. Met die vol dam het die klein vis maar gepla, maar elkeen het darem iets gevang. Die volgende kompetisie vind op 19 Maart plaas. Enige persoon wat belangstel om by die klub aan te sluit of enige inligting i v m die klub wil hê, kontak gerus vir GP Rossouw by 0823199472, JD Claassen by 0796914184 of Jan Heymans by 0673522140

**Uitslae van die dag:**

Seniors: 1ste GP Rossouw, 2de Armandt Smit en 3de plek Hannes van Johannesburg

Dames: 1ste Lise-Marie van Vuuren, 2de Sanja Swanevelder

Juniors: 1ste Stroebel Rossouw, 2de Rachel Smit, 3de Kobus.



*Op die foto is al die pryswenners.*


the local choice Pharmacy & Clinic
PLATTELAND
Save R45.00 NOW R79.95
green-dot SPECIALS!
Save up to R9 NOW R29.95
063 721 4950 T 087 527 0723
E platteland@thelocalchoice.co.za
57 Wentworth Straat, Wentworth Square, Heilbron

DIE BESTE BOD
BESTUURDER
P.L Müller 060 966 9348
AFSLAER
Jan Grobbelaar 060 965 6207
Frankfort/Roadside/Cornelia
Corjan de Jager 079 586 8777
Frankfort/Cornelia/Oranjeville/Roadside
Fanie vd Merwe 082 494 3177
Tweeling/Reitz/Petrus Steyn/Frankfort
David Gerber 082 489 7424
Villers/Cornelia/Grootvlei
Fanie vd Merwe (junior) 061 180 6882
Villiers/Cornelia/Grootvlei
Pula Gillomee 082 788 5338
Heilbron/Edenville/Oranjeville
Hugo Groenewald 082 569 7285
JJ HADEBESTRAAT 97
FRANKFORT
(Langs Bright Dienste)

WINKELURE
MAANDAE - DONDERDAE: 07:30 -17:00
VRYDAE: 07:30 - 16:30 • SATERDAE: 08:30 - 13:00
Elsstraat 44, Heilbron | Tel: 058 852 3033

VAKATURE
GEREGISTREERDE VERPLEEGKUNDIGE
Huis Silwerjare Tehuis vir Bejaardes
Petrus Steyn

POSVEREISTES:
• Professionele Verpleeg kwalifikasie
• Geregistreer by SARV as Geregistreerde Verpleegkundige
• Bereid tot verdere toepaslike kursusse en indiensopleiding
• Kennis van verpleging in 'n versorgingfasiliteit word aanbeveel
• Suid Afrikaanse Burger
• Goeie algemene gesondheid
• Bestuurslisensie
• Taalvaardig – Afrikaans, Engels

VERGOEDING:
Salaris: Onderhandelbaar
• Pensioenfonds • Diensbonus

SLUITINGSDATUM:
15 Maart 2022

BELANGSTELLENDES MOET CV RIG AAN:
Die Voorsitter
Huis Silwerjare Ouetehuis
Epos: huissilwerjare@gmail.com

BKB Louwid
Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

DINSDAG - 1 MAART 2022
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088
MTONJANENI Twee-maandelikse veiling
Kontak Pieter van Zyl 082 459 0668

WOENSDAG - 2 MAART 2022
FOURIESBURG Maandelikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

DONDERDAG - 3 MAART 2022
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Wentzel Vorster 082 566 1369
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
KAALLAAGTE Maandelikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539

VRYDAG - 4 MAART 2022
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

BKB LOUWID
www.bkb.co.za
BKB Louwid 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za